

## A.1 LITJIESKAKTUS

deur H.G. ZIMMERMANN en H.A. VAN DE VENTER  
Onderafdeling Onkruidnavorsing:  
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Litjieskaktus (*Opuntia aurantiaca* Lindley; familie:Cactaceae) is Suid-Afrika se skadelikste onkruid. Meer geld is al op die beheer van hierdie onkruid gespanneer as op enige ander. Besmettings beperk die weidingspotensiaal van veld aangesien nuttige en voedsame plante verdring en diere beseer word. Die plant se skerp dorings dring maklik deur die vel van diere en veroorsaak sere en absesse asook kreupelheid by kleiner vee. Die doringagtige litte raak verstrengel in die hare en wol van diere wat die hantering daarvan bemoeilik en die kwaliteit verlaag. Dit het al gebeur dat digte, onbeheerde besmettings enige verdere boerdery onmoontlik gemaak het en tot gevolg gehad het dat die waarde van die betrokke grond aansienlik gedaal het. Die aanhoudende hoë kostes wat die beheer van dié kaktus noodsaak, plaas 'n swaar las op grondeienaars en die Staat.

Litjieskaktus is 'n onopsigtelike, meerjarige vetplant wat in die oop veld selde hoër as 500 mm groei. Die plant kan bestaan uit een tot 'n honderd of meer doringagtige, langwerpige, vlesige segmente of litte. Elke lit is 50 tot 200 mm lank, 10 tot 30 mm wyd en bevat 10 tot 30 mm lang dorings. Jong litte is effens afgeplat en heldergroen terwyl ouer litte 'n meer silindriese voorkoms aanneem met 'n kurkagtige oppervlak. Die lit waaruit 'n spesifieke plant ontstaan het, raak dikwels met verloop van tyd met grond bedek, en ontwikkel dan in 'n knol wat as stoororgaan dien.

Die lengte van die litte en dorings word deur habitat en klimaat beïnvloed. Plante wat onder 'n digte bos in hoë reënvalgebiede groei, produseer lang, slanke litte met korter, dunner dorings. Gestut deur die omringende bos, kan hierdie plante hoogtes van 2 m bereik. Gedurende droogtetye neem litte wat aan die son blootgestel is, 'n rooi tot pers kleur aan.

Die dorings ontstaan in groepe vanuit gryskleurige kolle (wat areole genoem word) op die litte. Die areole bevat ook versamelings glochiede (klein dorinkies wat skaars sigbaar is). Aan die eindpunt van elke doring kom mikroskopies klein weerhakies voor en hulle is daarvoor verantwoordelik dat die litte verbasend maklik aan enige verbygaande voorwerp vasheg. Litte kom

maklik van die moederplant los, veral gedurende die winter of droogteperiodes.

Litjieskaktus blom tussen November en Januarie. Die blomme is heldergeel, 30 tot 40 mm lank, en lyk soos miniatuur turksvyblomme. Klein, groen tot rooierige, knuppelvormige vrugte word gevorm. Net soos die litte kom hulle ook maklik van die plant los.

### Verspreiding

Dit wil voorkom asof litjieskaktus 'n hebriede is wat in Oos-Argentinië en Uruguay ontstaan het. Dit is heelwaarskynlik in 1843 deur 'n planteversamelaar na Kaapstad ingevoer. Van die vroeë reisigers en nedersetters het dit hiervandaan na die Oos-Kaap geneem waar dit in rotstuine en op grafted geplant is. Kort hierna het dit in die veld beland. Die eerste verwysing na litjieskaktus as 'n onkruid was in 1892 in die Bedforddistrik.

Vandag word digte besmettings gevind in die Oos-Kaap tussen die Gamtoosrivier en Transkei, in die Noordoos-Kaap op die walle van die Vaalrivier tussen Christiana en Douglas, en in Natal. Besmettings kom ook in die Vrystaat, Transvaal en Zimbabwe voor. Daar word beraam dat in totaal meer as 1 miljoen hektaar in Suid-Afrika met hierdie onkruid besmet is.

Litjieskaktus het die potensiaal om oor 'n baie groter gebied te versprei as wat tans die geval is. Die plant is aangepas om in 'n wye reeks omgewingstoestande te groei en kom voor in yl, droogtebestande plantgemeenskappe wat so min as 150 mm reën per jaar ontvang sowel as in digte Vallei Bosveld waar die reënval hoër as 800 mm per jaar kan wees. Die plant vestig egter nie maklik in winterreënvalgebiede of in digte grasveld nie.

Litjieskaktus is ook 'n ernstige onkruidprobleem in Nieu-Suid Wallis en Queensland, Australië, waar dit bekend staan as "tiger pear".

### Groei en voortplanting

Vorming van nuwe litte begin in die vroeë lente en duur voort tot Maart of April. Litte val in die winter af maar ook wanneer die plant aan langdurige droogte blootgestel word.



FIG. 1 - 'n Litjieskaktusplant




FIG. 3 - 'n Digte stand van litjieskaktus



FIG. 2 - Slegs groot plante (of plantaggregate) van litjieskaktus is opsigtelik. Besmettings soos dié bevat talle klein plantjies en afsonderlike los litte wat nie met die eerste oogopslag sigbaar is nie



FIG. 4 - Los litte word maklik deur diere versprei

Litjieskaktus plant uitsluitlik vegetatief voort. Alle sade wat geproduseer word is steriel. Litte en vrugte wat afval en op die grond beland, sal wortelskiet en nuwe litte vorm sodra toestande gunstig is. As gevolg van 'n gespesialiseerde soort metabolisme, wat eie is aan baie vetplante, sal sulke litte wat van plante afval lang periodes onder natuurlike toestande oorleef. Volwasse plante beskik ook oor 'n merkwaardige droogtebestandheid.

Litte word deur water versprei en nuwe besmettings verskyn dikwels op rivierwalle of in gebiede waar oorstromings plaasgevind het. Litte word ook versprei wanneer hulle vasheg aan vee, wilde diere of voertuie. Afgeleë besmettings is gewoonlik die gevolg van aanplantings in potte, rotstuine of op grafte. Litte van hierdie plante versprei na die omliggende veld, soms as gevolg van natuurlike verspreidingsmeganismes, maar ook wanneer oormatige groei wat gesnoei word op onverskillige wyse deur tuiniers weggegooi word.

### Wetgewing

Litjieskaktus is ingevolge die Wet op Onkruid (nommer 42 van 1973), soos gewysig, tot onkruid verklaar in die hele Republiek van Suid-Afrika. Kragtens artikel 2(1) van gemelde Wet moet elke bewoner of, waar daar geen bewoner is nie, elke eienaar van grond, litjieskaktus wat op daardie grond groei, uitroei. Dit is die plig van elke grondbewoner (of grondeienaar) om alle besmettings van litjieskaktus by die naaste voorligtingskantoor van die Departement van Landbou en Watervoorsiening (of as alternatief, by die naaste kantoor van die Suid-Afrikaanse Polisie) aan te meld.

### Beheer

Die jongste ontwikkelings op die gebied van die beheer van litjieskaktus word in bladskrif A.1.1 aangegee.

*Uitgegeef deur die Departement van Landbou en Watervoorsiening en verkrygbaar van die Direkoraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria 0001*

*Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur die Staatsdrukker, Pretoria*